



Leraars in Indië Volhard met Dissipelskap

Jy het gehelp om onlangs leraars in Maharashtra in Sentraal-Indië op te lei.

Danksy ruimhartige donateurs was dit vir Harvesters Ministries moontlik om leraars in Maharashtra in sentraal-Indië op te lei. Daar is 65 Hub-leiers wat deel is van hierdie kerkstroom.

Op een spesifieke dag was daar groot opgewondenheid tydens die opleidingsessie. Almal was verheug toe hulle besef watter tipe leraars by die opleiding teenwoordig was. Daar was 'n leraar wat met prostitute werk; sowel as gewone Christen dames wat deur tot deur Evangelisasie in dorpe doen en leraars wat dringend iets nuuts vir God wil doen.

GOD ROEP DIE JEUG

Daar was selfs 'n 16-jarige jong dame, *Shanti, in die groep. Sy het pas haar skoolloopbaan voltooi en die Hub-leier het haar in Evangelisasie en Dissipelskap opgelei. Sy was behoorlik gemotiveerd na die opleidingsessie.

Sy deel nou openlik die Evangelie met mense. Ondanks die feit dat Christene vreeslike vervolging in Indië

deurmaak, leef sy nie in vrees nie. Sy vertrou die Here om haar te beskerm.

OPLEIDING IN DIE LANDELIKE DELE VAN INDIË

Harvesters Ministries se opleiding is ook in 'n meer landelike en afgeleë streek, Andhra Pradesh, in Indië aangebied. 113 Hub-leiers het hierdie opleiding bygewoon. Hierdie leraars beskou gewoonlik nie 'n byeenkoms met minder as 12 gedoopte gelowiges as 'n kerkdienste nie, maar danksy die werking van die Heilige Gees het hulle die boodskap van Matteus 18: 20 begin verstaan, wat sê: "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

Onder hulle het 18 leraars reeds 41 nuwe kerke geplant. Daar is nou 41 dorpe wat toegang tot 'n kerk en die Evangelie het. Voorheen het hulle geen geleentheid gehad om die Goeie Nuus te hoor nie. Dit is regtig inspirerend om te sien hoe hierdie leraars volhard, ondanks die feit dat gelowiges in Indië nie vryelik hulle geloof kan uitleef sonder om vervolgt te word nie.

Nie een van hierdie oorwinnings sou moontlik wees sonder die gebede en donasies van gelowiges soos jy nie. ✉

Ook in hierdie uitgawe:

2 Etiopië – van die Oudste Kerke in Afrika.

4 COVID-19 Uitreik.



Etiopië – van die Oudste Kerke in Afrika

Christenskap word reeds sedert die vierde eeu in Etiopië beoefen. Dit maak die Kerk in Etiopië een van die oudste Kerke in Afrika.

Ongeveer 18 maande gelede het die Here 'n wonderlike geleentheid vir Harvesters Ministries in Etiopië geskep. Harvesters Ministries werk hoofsaaklik saam met die Emanuel United Kerk in Etiopië om leraars en studenteleraars op te lei in Evangelisasie, Dissipelskap, Pastorale Opleiding en Kerkplanting. Die wonderlike ding daarvan om in Etiopië te werk, is die feit dat die Evangelie en die effek van Harvesters Ministries se program die grense na Djiboeti, Eritrea, Suid-Soedan, Soedan en Somalië oorsteek. Dit is van die mees vyandige lande vir Christene om in te woon.

Christenskap word reeds sedert die vierde eeu in Etiopië beoefen. Dit maak die Kerk in Etiopië een van die oudste Kerke in Afrika.

In Etiopië is dit baie algemeen dat nuwe gelowiges in groot groepe gedoop word. Hierdie mense het nog nooit vantevore die Evangelie gehoor nie en kom radikaal tot bekering. Tydens sulke geleenthede word daar tussen 500

en 1 500 mense gedoop. Die Evangelie versprei werklik soos 'n veldbrand deur Etiopië - alle eer aan God!

DIE EFFEK VAN HARVESTERS MINISTRIES

Daar is onder andere Oromo Bybels in afgeleë, plattelandse dorpie afdelings en talle kospakkies is aan behoeftiges voorsien. Etiopiese leraars stel 'n besondere voorbeeld en dien regtig hulle gemeentes.

Ondanks die feit dat Christenskap lankal gevestig en bekend is in hierdie kosbare land, word gelowiges in Etiopië geweldig deur Moslem-ekstremiste vervolgt. Meer as 30% van die bevolking is Moslems.

Die feit dat Etiopië in die Horing van Afrika geleë is – een van die gevaarlikste plekke op dié vasteland, lei tot grusame aanvalle op gelowiges. **Die Horing van Afrika is 'n besepte plek – dit is een van die dele in Afrika waar die Evangelie nog die minste verkondig is.** Die Horing van Afrika het 'n bevolking van ongeveer 160 miljoen mense



Wanneer jy hande vat met Harvesters maak jy die weg oop sodat die onbereiktes Jesus kan leer ken en – deur die wat tot bekering kom – kerke plant in van die moeilikste plekke ter wêreld. Dankie vir jou geskenke en gebede!



en die potensiaal om God se Koninkryk hier uit te bou is eindeloos!

WAAROM WERK HARVESTERS MINISTRIES IN ETIOPIË?

Die Kerk in Etiopië het 'n passie daarvoor om nie net ongelowiges in hulle eie land te bereik nie, maar ook in die ander lande wat deel vorm van die Horing van Afrika.

Die leraars wat tans by Harvesters Ministries se program ingeskryf is, het reeds meer as 500 nuwe plaaslike kerke geplant. Gemeenskappe wat nie voorheen toegang tot 'n kerk gehad het nie, het nou wel toegang.

Dit is uiters belangrik om te verseker dat alle nuwe gelowiges toegang tot 'n kerk het waar hulle samesyn kan ervaar en in hulle geloof en verhouding met Jesus kan groei. **Die Kerk bring verandering.** Iemand wat Jesus Christus liefhet, sal nie 'n ander persoon wreed aanval of vermoor nie. Harvesters Ministries het 'n baie sterk Dissipelskap etos, wat daartoe lei dat mense se harte werklik verander word.

JOU GESKENKE MAAK 'N VERSKIL

Jy kan 'n vennoot van Harvesters Ministries word en nog meer Etiopiese leraars in staat stel om Harvesters Ministries se opleiding te voltooi. Hoe meer leraars die opleiding voltooi, hoe meer kerke sal daar geplant word en hoe meer ongelowiges sal met die Evangelie bereik word.

Jou geskenk van R1 800 (of R150 per maand) borg 'n leraar se volle drie jaar kurrikulum. **Hierdie leraar ontvang**

'n Bybel in sy moedertaal, drie jaar se opleiding en al ses van die Harvesters Ministries modules.

Jou geskenk red lewens en lei verlore siele na Christus toe. Jou geskenk het ewigheids waarde. 📖



Danksy getroue ondersteuners soos jy, kon Oromo Bybels by kerke in Etiopië afgelwer word.



Jy help om Behoeftige Families te bereik

Miljoene gesinne kon weens COVID-19 geen inkomste verdien nie. Baie mense het hulle werk verloor, ander se besighede was gesluit en kon nie vir hulle families sorg nie. **Baie van Harvesters Ministries se leraars sukkel verskriklik.**

Danksy ruimhartige donateurs, kon Harvesters Ministries sover families in Filippyne, Lesotho, Uganda, Kenia, Rwanda, Indië, Tanzanië, Mianmar, Kambodja, Madagaskar en Mosambiek help.

Niks hiervan sou sonder die hulp van vrygewige donateurs moontlik gewees het nie. Hierdie broodnodige kospakkies het die lewens van leraars en hulle families gered. Daar is egter nog duisende families wat dringend hulp nodig het. Oorweeg dit asseblief biddend om 'n donasie te maak deur die volgende skakel te volg:

<https://harvestersministries.com/en/donate-sa-covid-19/> ✉



Maak kontak met Harvesters Ministries op enige een van hierdie platforms:

Facebook – <https://www.facebook.com/harvestersmin/>

Instagram – www.instagram.com/harvestersministries

Webtuiste – www.harvestersministries.com

Laat weet ons asseblief indien jy sou belangstel dat Harvesters Ministries 'n gratis Dissipelmakers kursus by jou gemeente kom aanbied – info@harvestersministries.com

Volg die Harvesters Ministries **YouTube Kanaal** – soek "Harvesters Ministries" of volg hierdie skakel: <https://www.youtube.com/channel/UCyz8qUBr4Gw2G-4cNblQtkw> ✉

Harvesters MINISTRIES

www.harvestersministries.com

WhatsApp: **064 809 6326**
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak)..

Telefoon: **021-300-5629** of **011-955-1814**

E-pos: info@harvestersministries.com

Posadres: **Freepost CB11432 • Strand, 7139**
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130 • Suid-Afrika**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries
ABSA Bank


Rekeningnommer: 4075041297

Takkode: 632005

Verwysing: NE0820WEB

Meer Opsies om te Gee:

Besoek ons webblad of gee via Zapper of SnapScan ...



Baie dankie vir jou ondersteuning!